19.4 RAPPORT 3: DEPUTATE CHRISTELIKE ONDERWYS – VERWIKKELINGE IN DIE ONDERWYS (Artt 139, 247)

A. Dr DJ de Kock lewer die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie Jeug en Onderwys.
C. Ds G Opperman rapporteer namens die Kommissie Jeug en Onderwys.

D. **RAPPORT**

1. Opdrag

1.1 Die te benoeme Deputate neem kennis van tendense in die kurrikulum en die onderwys in die algemeen. Ontwikkelings in die onderwys moet gemonitor en waar toepaslik moet Christelik-reformatoriese getuienis gelewer word. Kerkrade, ouers en onderwysers moet waar nodig ook hieroor geadviseer word (Acta 2012:227, 3.1).

1.2 Voortdurende skakeling deur die CO-deputate met Aros plaasvind om op hoogte te bly van ontwikkeling van onderwysreg en –beleid, sodat plaaslike Kerkrade ingelig kan bly (Acta 2012:227, 3.2).

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Dit wil voorkom asof die meeste mense, en dit beteken hoofsaaklik ouers en onderwysers, besig is om vertroue in die openbare onderwysstelsel te verloor. In ‘n ondersoek wat in Suid-Afrika gedoen is in 2010-2011 blyk dit dat ouers veral hulle kinders toenemend in onafhanklike of privaatskole plaas, of tuisonderrig as alternatief begin aanbied.

2.2 Hierdie tendens volg dieselfde patroon as wat in die VSA en Kanada plaasgevind het nadat “gebed” in die skoleverbied is, naamlik dat die ouers se vertroue in die openbare skoolstelsel in die VSA sodanig afgeneem het dat dit tans slegs 29% is. In Edmonton, Kanada is daar onlangs ‘n optog gehou na die onderwysowerheid se kantore met ‘n petisie onderteken deur 3 600 ouers. Die ouers was ontevrede met die Wiskunde Kurrikulum wat vereenvoudig is, en die uitdaging van die ouers was dat daar nie met hulle kinders ge-eksperimenteer moet word nie. Opnames in Chicago het ‘n ontstellende gebrek aan leesvaardigheid geopenbaar: slegs een derde van skoliere kon behoorlik lees.

2.3 In Suid-Afrika is tuisonderrig aan die toeneem. Terselfdertyd het die verskuiwing van leerders na privaatskole tussen 2000 en 2009 met 50% toegeneem. Ouers is gewoon nie meer tevrede met wat daar in die openbare skole aangaan, of nie aangaan nie.

2.4 Selfs onderwysers skuif verkieslik oor na onafhanklike en privaatskole, want oorgegee aan die indoktrinasie en voortdurend vernuwende programme van die Departement. Aan die anderkant het ouers belang verloor, en die skooldag begin sien as ‘n verpligte tyd wat hulle kinders by die skool moet deurbring, opgepas word deur die onderwysers, en dan saans self maar met tuisonderrig begin. In Suid-Afrika is die owerheid glad nie gediend met die toename in privaatskole nie, en dit word reguit gesê dat hierdie tipe “elitist independent schools” gesien word as “bastions of class inequality”.

2.5 Deur na enkele webwerwe van Onderwysersunies (soos die SAOR, SADTU) te gaan, kan daar uit die maandelikse Nuusbriewe en berigte in dagblaaie afgelei word dat die onderwys in Suid-Afrika glad nie op die oomblik in ‘n gesonde toestand verkeer nie. Berigte van leerlinge wat gedurende skoolure baklei, mekaar aanrand en seermaak, en onderwysers wat hulle nie daaraan steurnie, is volop. By ander skole word die polisie geskakel en die leerders (in een geval selfs meisies) summier gearresteer. Geweld is aan die orde van die dag by menige skole, en daar is geen sprake van orde en dissipline te bespeur nie. Hoofde is al ontvoer, leerders geskors omdat hulle ‘n klag teen ‘n onderwyser gelê het, en onderwysers aangerand omdat hulle dissipline probeer handhaaf het.

2.6 Daar was onlangs in die nuus ‘n hele debakel oor die swak diens van leweransiers van handboeke en werkboeke wat nooit by skole afgelewer is nie. Dit was veral die Limpopo Provinsie wat daar onder gely het. Hoewel die saak in die hof beland het, is daar nog geen uitspraak gelewernie, en sover as wat uit die nuus duidelik geword het, is die boeke ook nog nie afgelewer nie. Die opvoeding en onderwys van duisende leerders staan dus stil.

2.7 Een van die ontstellendste berigte wat gepubliseer is, is die saak rondom die verkoop van onderwysposte waarby vakunies geïmpliseer word, asook skoolhoofde en lede van bestuursrade van skole. ‘n Gewone onderwyspos is glo vir tot soveel as R30 000 verkoop.

2.8 ‘n Verskynsel wat nogal kommer wek is die toenemende migrasie van leerders van die platteland na die stede. Dit gebeur veral in Gauteng en die Wes-Kaap. Die gee aanleiding tot onhanteerbare getalle in stadskole en die probleme wat daarmee gepaard gaan is legio. Die ideaal hier sou wees desentralisering, want in kleiner skooltjies kan daar beter beheer uitgeoefen word, die bestuur van die skool en die klaskamers kan beter gedoen word, en onderwysers en ouers kan ‘n groter inspraak hê in die opvoeding en onderwys van hulle kinders.

2.9 In onhanteerbaar groot skole is die veiligheid van die onderwysers en die kinders ook in die gedrang. Berigte van padongelukke waarin talle skoolkinders die lewe laat vanweë oorlaaide bakkies en kombi’s, kom kort-kort oor die nuus. Selfs die geval van die grassnyer wat bo-oor ‘n kind geloop het, spreek van nalatigheid en agtelosigheid wat nie by enige skool geduld kan word nie.

2.10 Die rasseprofiel, en daarmee gepaardgaande taal, kultuur en lewensbeskoulike sake, wat aan die opvoeding en onderwys van leerders se fundering lê, is aan die verander. Dit is veral ‘n ernstige probleem wanneer die owerheid ingryp en die taal en kultuur van ‘n skool wil verander.

2.11 In ‘n sogenaamde “Skok-plan” vir skole in Gauteng het die LUR vir onderwys in Gauteng, mnr Panyaza Lesufi, onlangs (*Beeld*, Dinsdag, 17 Junie 2014:1) aangekondig dat hy reeds ‘n tegniese span aan die werk het om te kyk hoe ‘n omgewing van “sosiale kohesie” geskep kan word. Sy plan behels dat sommige skole in Gauteng moet “saamsmelt” met ‘n “township” skool, vir beter integrasie tussen skole, en om gevolglik ‘n nie-rassige omgewing te skep. Hoeveel daar van ware Christelike onderwys in sulke skole tereg gaan kom, is nie te moeilik om te raai nie. Die uitdruklike doel van hierdie tipe van verandering is om “foute van die verlede” reg te stel, want die owerheid is dit aan die kinders van 1976 verskuldig, en om ontslae te raak van die stereotipering in ons samelewing.

2.12 Volgens mnr Paul Colditz, uitvoerende hoof van die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole (FEDSAS), sal hierdie voorstel nie werk nie. Hy meen ‘n beter plan sal wees om liewer twee skole in ‘n vennootskap met mekaar te laat funksioneer. Die grondliggende filosofie van onderwys is juis dat die gemeenskap (ouers!) self verantwoordelikheid vir hulle kinders se onderwys (skool!) moet aanvaar. Wanneer daar ouers uit twee gemeenskappe wat ver van mekaar is in afstand, en wat in kultuur, taal en waardes radikaal van mekaar verskil, in een beheerliggaam moet dien, is die tafel voorwaar gedek vir konflik. Hierdie tipe of model van onderwys voorsiening is al elders ter wêreld beproef, maar dit het misluk. Navorsing het ook getoon dat gebalanseerde, konflikvrye skole slegs daar kan voorkom waar die gemeenskap gebalanseerd en konflikvry gesamentlik werk aan die tipe skool wat hulle verlang en verdien.

2.13 Dit is egter verblydend om te berig dat daar ten spyte van die aandrang op integrasie van skole ten opsigte van taal, kultuur, geloofsoortuiging en vermoëns (intellektueel of kognitief), tog nog uitstekende onderrig in baie staatskole gegee word, en dat leerlinge ten spyte van al bogenoemde hindernisse in die onderwys, tog nog kan leer en presteer soosvan tevore.

Dit is ‘n feit dat uitmuntende onderrig en leer hoofsaaklik plaasvind in die skole waar die ouergemeenskap aktief betrokke is by die skool, en waar die verhouding tussen die hoof en sy personeel, en die hoof en die ouers, gesond en opbouend is.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

Aanbevelings

3.1 Die Deputate het kennis geneem van die verwikkelinge in die onderwys en tendense in die kurrikulum en die onderwys in die algemeen. Dit word aanbeveel dat die Sinode weer CO-deputate moet aanwys om die ontwikkelings in die onderwys te monitor en waar toepaslik die Christelik-reformatoriese getuienis te lewer aan Kerkrade, ouers en onderwysers.

3.2 ‘n Verdere aanbeveling is dat voortdurende skakeling deur die CO-deputate met Aros moet plaasvind om op hoogte te bly van ontwikkeling van onderwysreg en –beleid, sodat plaaslike Kerkrade ingelig kan bly.

E. **RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

1. Opdrag

19.4, Rapport 3: Deputate Christelike Onderwys verwikkelinge in die onderwys.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Agtergrond en beredenering: Daar het vanuit die vergadering vrae gekom rondom die objektiwiteit en gebalanseerdheid van die sake waarvan die Sinode kennis moes neem. Die Kommissie is nie in staat om binne die tydsbestek van die vergadering die bewerings in die Rapport te staaf of te weerlê nie.

2.2 Die Kommissie wys ook op die opsommende paragraaf 2.13 (van die Rapport) waarin daar duidelik aangetoon word dat daar wel staatskole is waar kinders steeds kan leer en presteer soos vantevore. Dit geld veral by skole waar die ouers konstruktief betrokke is.

2.3 Die probleem het waarskynlik reeds ontstaan by die formulering van die opdrag dat die Deputate “in die algemeen” oor tendense in die onderwys moes rapporteer.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.3 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

In die lig van bogenoemde en KO, art 12 beveel die Kommissie dus aan dat:

3.1 die vergadering slegs kennis neem van die sake in pt 2 genoem.

3.2 die vergadering die opdrag (3.1 van die Rapport) soos volg wysig: “Dit word aanbeveel dat die Sinode CO-deputate aanwys om kennis te neem en te rapporteer van tendense in die kurrikulum en die onderwys met betrekking tot die wyse waarop die Christelike leer en etos daarin beslag kry al dan nie. Kerkrade, ouers en onderwysers moet waar nodig ook hieroor geadviseer word.”

Besluit: Punte 3.1 en 3.2 goedgekeur.